**Gereformeerde gemeente Lyttelton**
**Jaargang 40 nr. 27**
**Sondag, 16 Augustus 2026**

**Nagmaal 10:00 16/8**

**Nagmaalete 12:00**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

# Die Koerier

Besoek ons webwerf by **www. gklyttelton.org.za** vir preke en inligting

Stuur alle gemeentenuus of advertensies na grietswan21@gmail.com



**Foto: Links**

**Jakes Breedt het die afgelope week se koue goed gebruik om solank te begin oefen vir die groot pannekoekbak van die komende basaar.**

Silwerkrone se pannekoek is nou al-reeds bekend as 'n groot treffer by die basaar.

Hulle het egter hande nodig om die lang ure van die basaar te kan bak.

Lidmate kan gerus vir Jan Plomp skakel om hulp aan te bied.




## Lees binne…


- Verjaarsdae
- Meelewing
- Katkisasieblad
- Basaar– sameroepers
- Bakprogram begin 3/8
- Beplanning vir die kwartaal
- Nagmaalete—spyskaart
- Kerk se tuin
- Afri-duet Sat 17 OKT


**Benodig vir die basaar**

- Handwerktafel soek items
- Tweedehandse klere
- Wit olifante –ook boeke
- Donasies vir die bakprogram
- Plaastafel soek leë botteltjies

**Nagmaalete 16 Aug om 12 uur**



Inligting oor Botswana sendinggroep—sien webwerf www.botswanasending.co.za of kontak Tiddo Voogt vir navrae.

**Sondag, Nagmaal— 16 Augustus 2026**

**Voorsang:**
**SK** 1-2:1,2,3
**Lied** 219:1,2,3
**SK** 14-2: 1 (sing die koorgedeelte 2 keer)
**SK** 10-1:1 (Vrouens en kinders) vers 2 (broeders) vers 3 (almal saam)

**Nagmaal: 10** uur gelei deur ds. Christo
**Lees:** Daniël 5
**Teks:** Daniël 5:25
**Tema**: Die verklaring van God se oordeel roep op tot bekering
**Hoofpunte:**
1. Die rede vir die oordeel.
2. Die verkondiging van die oordeel.
3. Die sekerheid van die oordeel.



**Sing:**
Ps. 116:12,14
Skb. 12-3:1,2
Ps. 119:39,65
Ps. 23:3
Ps. 116:1-
Ps. 150:1,3

**Nagmaalete: 12 uur in die kerksaal**

**Spyskaart:**

Oondgebakte hoenderdye

Rys

Groenbone

Pampoen

Wortel-en koolslaai

**Nagereg**

**Wyke: 1-11**—malvapoeding uit elke wyk

Voorbereiding: 8 uur in die kerksaal

**Wyke: 12– 21** — l liter vla uit elke wyk

Opruiming na die ete

**(Koste: slegs vrywillige donasie).**

Pak 'n piekniekmandjie met jou eetgerei en drinkgoed en kom kuier en eet saam.

Moenie die poedingbakkie vergeet nie.



# Meelewing (met dank aan Trudie Grobbelaar)

## Ons dra die volgende lidmate aan die Here op:

**Elfrieda de Beer:** Sy gaan Maandag (17 Augustus) vir die verwydering van 'n kwaadaardige velgewas by Waterkloof Chirurgiese Sentrum. Ons bede is dat die operasie baie suksesvol sal wees.

**Sarel van der Walt:** Hy gaan Maandag (17 Augustus) vir die verwydering van sy katarakte. Ons vertrou dat die Here die prosedure goed sal laat verloop.

**Totie Kruger:** Haar balans is swak en sy val maklik. Sy het nou twee versorgers wat om die beurt na haar omsien. Ons glo dat sy innerlik sterk sal bly onder die omstandighede.

**Marietjie Coetzer:** Sy is nog baie swak en permanent bedlêend na die groot maagoperasie wat sy ongeveer twee jaar gelede gehad het, sowel as die skildklieroperasie en die mastektomie wat sy later gehad het. Sy is op gereelde morfienbehandeling. Ons bede is dat die Here Hom oor haar sal ontferm.

### Ons dra ook die volgende lidmate aan ons hemelse Vader op:

Almal wat weens ouderdom eensaam en siek is en moeilik beweeg;
almal wat herstel na groot operasies;
almal wat baie pyn verduur weens chroniese siektes;
almal wat finansieel swaar kry.

**Hettie Muller:** Sy het 'n spinale senuwee-stimulator in haar buik wat ten doel het om geweldige lyfpyn te verlig. Die battery waarmee die apparaat werk het mettertyd pap geword en moet dringend vervang word. Die mediese fonds betaal 'n baie groot gedeelte van die koste, (amper twee derdes), maar laat steeds 'n bedrag van R90 000 kort vir die operasie. 'n Vriendin het **BackaBuddy** genader om geld in te samel ten einde vir die tekort op te maak.

Enigiemand wat op hierdie wyse 'n bydrae wil lewer kan die volgende skakel gebruik om by BackaBuddy in te gaan:

https://www.backabuddy.co.za/campaign/aunty-hettie-muller-needs-our-help



**Met  dank aan Adelle Drenth wat die Katkisasieblad opstel.**

# Katkisasie Nuus

16 Augustus 2026




Psalm 1:3
So iemand sal wees soos 'n boom geplant langs watervore, wat sy vrugte op sy tyd gee en waarvan die blare nie verdor nie. Alles wat hy aanpak, gedy.

Aan ouers:
Om ons jong bome te laat groei, konsentreer die volgende week nog op die **GETROUHEID** vrug aan ons jong bome.







Daar is geen katkisasie op
16 Augustus nie.
Ons vier die Heilige Nagmaal!

Dankie aan al die katkisante en ouers wat saam kom kuier het op 14 Augustus. Dit was 'n heerlike geleentheid! Foto's volgende week!

| | |
|---|---|
| 16 Augustus | Nagmaal - Geen katkisasie |
| 23 Augustus | Les 20; HK. Sondae 46-47; Ps. 149:1 |
| 30 Augustus | Les 21; HK. Sondag 48; Ps. 149:1-2 |
| 6 September | Les 22; HK. sondag 49; Ps. 1:1 |
| 13 September | Les 23-24; Ps 1:1-2 |
| 20 September | Les 25; HK. Sondag 50; Ps. 23:1 |
| 23 September | Skole sluit |

**Sondag: 16 Aug  2026 (Nagmaal)**

**Diensbeurte:**

**Kerkraad:  Wyke 2&3**

**Susters:  Nagmaalete**

**Diakonie:** Diens van barmhartigheid

***(Snap scan gekoppel aan die Diakonie se rekening)***

⇒ ***Deurkollekte:*** *Kerkkas*

⇒ ***Sending:*** *Bussies agter by die deur van die kerk*
*Botswana sending*

# Verjaarsdae

| Noemnaam | Van | Verjaardag | Ouderdom | Wyk | Selfoon |
|---|---|---|---|---|---|
| Einar | du Plessis | 08/18 | | 10 | `060 9768 738 |
| Emma | Greyling | 08/18 | 7 | 21 | `082 6265 930 |
| Bjorn | Staunton | 08/18 | | 17 | `082 2965 622 |

**Die volgende stalletjies vra hulp tydens die basaar4**

**Die vetkoek en kerrie-en-rys**

Benodig hande vanaf Vrydagoggend tot laat en Saterdagoggend vanaf 9 uur tot 12 uur.

**Kontak Griet as u 'n paar ure kan kom help.**

**Die Koektafel benodig hande om te help met verkope tydens die basaar**

**Kontak Marie Greyling as u kan help.**

# Kinder KAPPERJOLLE STALLETJIE

**'n HOOGTEPUNT BY DIE BASAAR ELKE JAAR!**

Die Kinderkapperjolle stalletjie is elkejaar 'n hoogtepunt by die basaar.

Om alles suksesvol te behartig het ek asb **HANDE NODIG** wat kan help by aktiwiteite en verkope.



**VRYDAGMIDDAG** *vanaf* **15:00**

**SATERDAGOGGEND** *vanaf* **08:00**

**AS IEMAND BEREID IS OM LEKKERGOED TE BORG**
*sal dit wonderlik wees!*

**SUIGSTOKKIES**



**FIZZERS**



**SUIGLEKKERS**



**JELLIE LEKKERS**



## BASAAR NAWEEK 28 & 29 AUG.

*Dankie vir jou hulp en ondersteuning!*

**SAAM MAAK ONS DIT WEER 'N ONVERGEETLIKE BASAAR!**

Gereformeerde Kerk Lyttelton
H/v Stasie en Monument

*Kontakpersoon*
Adelle tel: 0827702710


Gereformeerde Gemeente
Lyttelton hou hulle
Plattelandse
BASAAR
28 & 29 Augustus
Kom kuier, geniet lekker kos en ondersteun jou gemeente!
STALLETJIES
VETKOEK EN VLEIS
KERRIE EN RYS
BOEREWORSROLLE
HAMBURGER EN CHIPS
PANNEKOEK
TUISGEBAK
SNOEK EN PATATS
KOEK
POEDING
WIT OLIFANTE
TWEEDE HANDSE KLERE
TEETUIN
PLAASTAFEL
HANDWERK
KINDER KAPPERJOLLE
Lekker kos, lekker kuier, lekker basaar!
Almal welkom!


Basaar-
WEGNEEMETES
LEKKER KOS • MAKLIK • ONDERSTEUN ONS BASAAR!
24/8
PASTA
met
BOLOGNAISE
R50
25/8
GEMARINEER EN
OONDGEBAKTE
HOENDER (KWART)
peri-peri /
suurlemoen en krui
MET CHIPS
R65
26/8
BOBOTIE
MET GEELRYS
R65
27/8
RIBS 300 g
MET CHIPS
R85
BESKIKBAAR VANAF 17:00
Kontak Sonja by
082 700 7524
GEREF KERK
LYTTELTON
H/V STASIE EN MONUMENT
Dankie dat jy ons basaar ondersteun!


Tweedehandse
KLERE
BENODIG VIR BASAAR
VOOR
DINSDAG
25 AUG
Merk asb:
Kinderklere
Dames
Mans
Baie dankie vir jou ondersteuning!

# Sameroepers en stalletjies

| Stalletjie | Sameroeper | Kontaknommer |
|---|---|---|
| Plaastafel | Elsabe Ueckermann | 083 278 4526 |
| | Koos Myburgh | 082 700 9266 |
| Vetkoek | Griet Swanepoel | 0837462646 |
| Kerrie en rys | Sussie Voogt | 082 892 7747 |
| Pannekoek | Jan Plomp | 084 767 4880 |
| Hamburger | Marlette van Rooyen | 082 554 7930 |
| Snoek en patat | Andries Voogt | 082 452 4295 |
| | Christo Steyn | 084 200 0259 |
| Boereworsrolle | Christo Swanepoel | 083 263 7641 |
| Gebak | Marie Greyling & bakkers | 082 664 9572 |
| Chips | Diakonie | 082 450 5888 |
| Poeding | Michelle Bezuidenhout | 079 522 4489 |
| Teetuin | Alta Pohl & Sion Bybelstudiegroep | 074 898 8547 |
| Wegneemetes (bestellings) | Sonja du Toit | 082 700 7524 |
| Kinderkaperjolle | Adelle Drenth | 082 770 2710 |
| Handwerk | Serhia du Plessis | 073 319 3353 |
| Wit Olifante | Heinrich Brand | 082 565 2945 |
| | Ernst Reynecke | 084 064 6258 |
| Tweedehandse klere | Bettie Laubscher | 076 897 0808 |
| | Magda van Staden | 083 444 9307 |




# Ons benodig dringend donasies vir die komende bakprogram:

**Susters word gevra om die volgende items uit hulle wyke in te samel**

| Wyk | Item | Dat |
|---|---|---|
| 1 &10 | Gekookte kondensmelk | Voor Maandag 24 /8 |
| 2&11 | Weense worsies | Voor Maandag 24/8 |
| 3&12 | Ham | Voor Maandag 24/8 |
| 4&13 | Cheddar kaas | Voor Maandag 24/8 |
| 5&14 | Eiers | Voor Maandag 24/8 |
| 6 &15 | Maalvleis | Voor Maandag 24/8 |
| 7&16 | Versierings vir koeke (Bakers bin) blommetjies ens. | Voor Maandag 24/8 |
| 8 &18 | Spek (ook bits) | Voor Maandag 24/8 |
| 9 &19 | Puff pastry rolle | Voor Maandag 24/8 |
| 20&21 | Eiers | Voor Maandag 24/8 |

# Bakprogram



**Kom kuier en kom bak saam en deel in baie pret so tussen die werk deur!**

| Datum | Tyd | Bakprogram |
| --- | --- | --- |
| 17 Augustus | 9-12 | Kondensmelkkoekies |
| 19 Augustus | 9=12 | Vla en koffiekoekies |
| 21 Augustus | 9-12 | Repelsteeltjies, Jam Squares |
| 24 Augustus | 9-12 | Vleispasteitjies, soutterte |
| 26 Augustus | 9-16 | Koeke bak en versier |
| 27 Augustus | 9-16 | Koeke versier, melktertvulsel |
| 28 & 29 Augustus | Basaar | |

**Susters …**

**Ons benodig nog baie hande**

**Marie Greyling soek hulp om haar te help verkoop by die koektafel.**

**Vrydagoggend vanaf 9 uur tot laat.**

**Vetkoek /Kerrier-en rys stalletjie soek ook nog baie hulp om te help by die basaar.**

**Vrydagoggend vanaf 8 uur tot laat.**

**Saterdagoggend vanaf 8 uur tot laat en Saterdagoggend vanaf 8 uur tot 12 uur.**

# Kom ons maak ONS KERK SE TUIN mooi!



Goeie middag almal,
Ons is hard aan die werk in die kerk se tuin. Soos julle weet is dit maar 'n duur storie en juis daarom sal ons dit só waardeer as ons hulp vanuit die gemeente kan ontvang.

## Ons benodig tans die volgende plante,

indien julle dalk daarvan in jul tuine het wat julle kan skenk:



Strelitzia



Agapanthus



Azaleas



Salies



Freylinia



## KOMPOS

sal wonderlik wees!

Julle kan vir **Tharina of Olaria** kontak.

Tharina:
**084 583 7517**

Olaria:
**082 331 8954**



Baie dankie vir elkeen se hulp en ondersteuning!







Die Gereformeerde Kerk Magalieskruin bied vanjaar die dertiende Afri-Duetfees aan, en wel op Saterdagmiddag 17 Oktober om 14:00 by die Staatsteater. ’n Aansienlike deel van die opbrengs gaan vir die Sorg Met Eer projek vir ons emeriti. Skakel of Whatsapp vir Riekie by **082-586 9167** en bespreek u kaartjies.

**Pluimbal**

Alle belangstellendes kom kuier.

Elke Maandagaand by die Gereformeede Kerk Lyttelton kerksaal.

Vanaf 17:00 tot 20h00

Laat Jacobus Pohl weet by tel. 066 241 5534

As jy deel van die groep wil wees.



**Voorstelle vir projekte vir die fondse vir die saamtrek:**




Donasies vir die Saamtrek

Plaas dit Sondae in die houer op die kerk se verhoog

**Juniemaand:**

Toiletpapier

Handdoekrol

Tissues (klein verpakking)

**S.O.S**

**Ons benodig weer gehekelde blokkies vir ons omgeekomberse 15x15 cm, ons sal dit aanmekaar hekel.**

**'n Volledige kombers groter as 'n kniekombers wat aaneen gehekel of gebrei word is ook perfek.**



**Versoek vir koekies en beskuit vir die President Kruger Kinderhuis**

Ons versoek om hulle weer te bederf met koekies en beskuit tydens die aand studietyd. Plaas jou bydrae aan die Kinderhuis in die krat op die verhoog. Vir navrae:

**Zero Ache-rol van Annique**

Spesiale aanbieding

**R169**

Ideaal vir spierpyne, nekspasmas en vele meer!

Kontak Griet by tel. 083 746 2646



## Program vir die komende kwartaal

| Datum | Aksie | Tyd en plek |
|---|---|---|
| **Vrydag, 14 Aug** | **Kategete en katkisante Bybelvasvra en wafels bak** | 17:00 in die kerksaal |
| **Sondag, 16 Aug** | **Nagmaal** | 10 uur |
| **Sondag, 16 Aug** | **Nagmaalete** | 12 uur in die kerksaal |
| **Saterdag, 22 Aug** | **Kameeldrift-tee** | 8:30 Jonibach sportterrein |
| **Vrydag 28 & Saterdag 29 Augustus** | **Jaarlikse basaar** | Kosstalletjies open 9 uur |
| **23-25 Oktober** | **Gemeentekamp te Wagondrift** | |

## Kerksaalbesprekings: 2026

**(Bespreek die kerksaal en geriewe by Griet Swanepoel tel. 0837462646)**

**Vrydagaand, 14 Augustus— Kinderaksie**

**Saterdag, 15 Augustus— Elsabe Ueckermann**

**28&29 Augustus—Jaarlikse basaar**

**31 Aug—5 September Centurion Kunstefees in ons saal—Kara Boshoff**
















**Heerlike mieliemeel vir braaipap— in katoensakkies,**

**speserye en braaitoerusting teen depotpryse.**

**Kontak: Elsabé Ueckermann**

**by tel.  082 613 1661**




WYS JOU VLEIS




Bestel by die
Silwerkrone
**Beskuit: karringmelk, gesondheids, choc chips @ R60**
Bestel by Magda
Tel: 082 413 9285



**Heuning te koop**

**@ R85 'n botteltjie**

**Kontak:**

**Magda / Harm**

**Tel. 082 413 9285**






**Diere—" care taker" met jarelange ondervinding**

**Ronnie Venter is nou weer beskikbaar om haar vorige passie uit te leef. Sy is 'n ervare oppasser met verwysings.**

**Sy kan ook inslaap om na die**

**diere om te sien indien verlang.**

**Fooie is onderhandelbaar**

**Kontak haar op haar <u>nuwe</u>**

**<u>nommer by tel. 075 305 3199</u>**








# Saam is ons sterker …

# (Adverteer in die Koerier—dis gratis)

**ALTOKLEEN**: Skoonmaak van matte, meubels (leer en materiaal), matrasse, vensters, geboue, kantore, store en huise. Kontak Hennie Venter by tel. 082 395 6449

**ANNIQUE**: Kontak Griet Swanepoel by 083 746 2646.

**AVROY SHLAIN:** Annetjie Nordan by tel. 083 292 0720

**AVON**: Kontak Marianne van Rooyen by 071 538 9788.

**BORDUURWERK:** Karien Venter by tel. 082 325 5466

**dOTerra– essential oils:** Magda van Staden by tel. 083444 9307

**GRAFIESE ONTWERPE:** benodig jy 'n logo of enige vorm van grafiese opkikkering. Kontak Chariné Erasmus by tel. 072 799 8514

**HANDGEMAAKTE SEEP**

Ek verkoop handgemaakte seep. Dit is natuurlik en bevat GEEN chemiese middels of gifstowwe nie. Dit is belangrik vir gesondheid en welstand van die menslike liggaam. Dit word spesifiek aanbeveel vir mense met auto-immune siektes en alle velkondisies. Ek gaan ook binnekort Boerseep beskikbaar hê wat goed is vir die was van babas se klere en ook mense wat baie siek is.  Ek het 'n beesvetreeks sowel as 'n Vegan-reeks wat hoofsaaklik van Klapperolie, Olyfolie en Palmolie gemaak word.   Omdat die seep handgemaak en met die hand gesny word weeg elke sepie https://www.doterra.com/ZA/en_ZA/c/essential-oilsverskillend. Ek probeer om dit 100g te sny. Die prys is per gewig R50/100g. Jy is welkom om direk by my te bestel maar kan al my produkte op my "online shop" sien en ook daar bestel as jy só verkies. bnv.shopstar.co.za  Magda van Staden 083-444-9307

**HERBAL LIFE**: Nedine Cronje; 084 684 3136

**JOU NUTSMAN**: Sweiswerk, herstelwerk aan houtkaste, elektries,verfwerk, elektriese hekke en "*garage*" deure. Skakel vir Hendrik van der Linden by tel: 067 154 3885

**STRANDHUIS TE HUUR:** Geskik vir 12 persone, 5 slaapkamers, 3 badkamers. Ruim, gemaklik en ideaal  vir vakansie 500 m vanaf die strand.  Kontak Annetjie by tel. 083 292 0720

**Pasteie:** Kontak Marie Greyling by tel. 082 664 9572

-





**Eredienstye**: **9 uur** Eerste diens, **11: 00** tweede diens. Audio-opname word op die webwerf uitgesaai

**Predikant:** Ds. Christo Swanepoel, Burgerlaan 113, Lyttelton Manor. Kontaknommer: 012 664 2195

Selnommer: 083 263 7641. E-posadres: **swanepoel.gerefkerk@gmail.com**

**Katkisasie** na die oggenddiens in die katkisasielokale enige navrae aan Adelle Drenth tel. 082 770 2710

**Bedieningskommissie:** Ouderling Kobus Erasmus: Selnommer: 082 334 1845

**Bedryfskommissie**: Helgard Cronjé: Selnommer: 084 336 8561

**Diakonie Voorsitter**: Diaken George Erasmus tel. 082 450 5888

**Susters Voorsitter**: Marie Greyling: tel. 082 664 9572

**Nuwe intrekkers** : Anita Schutte: Kontak tel. 072 360 1494

**Tesourier van die Susters**: Sussie Voogt by tel. 0082 892 7747

**Bankrekening van die Susters**: Gereformeerde Susters Komitee, ABSA Bank Lyttelton,

**Takkode 335045, Rekeningnommer: 600 340 239**

**Emosionele ondersteuningsgroep**: Trudie Grobbelaar: 084 589 5965 (pastorale terapeut en koördineerder)

**Die Silwerkrone Voorsitter**: Jan Plomp: Kontaknommer: Selnommer: 084 767 4880

**Orrelis**: Petrus Kruger: tel. 079 134 0578

**Koster**: George Lee tel. 082 778 5511

**Kerkkantoor**: Dirk Schoeman: Selnommer: 082 473 9135 gkerklyttelton@gmail.com

**Bankrekening van die Kerk: Gereformeerde kerk Lyttelton, ABSA Bank Lyttelton, Takkode 335045,**

**Rekeningnommer: 0600 340 077 (dui u naam en wyk aan vir bydraes)**

**Die Kassier**: Oudl.Kobus Robbertse: Selnommer: 079 820 1329

**Bankrekening van die Diakonie**: ABSA Bank, Takkode 632005, Rekeningnommer: 600 280 031

**Die Koerier:** Griet Swanepoel: tel. 0837462646 epos: grietswan21@gmail.com (saktyd Donderdagaand 22:00).

**Attes skriba**: Henry Engelbrecht, Selnommer: 082 680 6821. Epos: henryengel7@gmailcom.

**Skribas**: Oudl. Stefan Bezuidenhout tel. 082 880 2504

Oudl. Carl Pohl Selnommer: tel: 082 469 1620

Diak. Kobus van der Merwe: tel. 083 960 5249